

14 Februarie - BREEK

Skrifgedeelte: Psalm 51 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 51:19

Sonde verbreek ons verhouding met God en dit breek ook ons eie geestelike en fisiese lewe af. Dit het Dawid baie pynlik ervaar ná die moord op Batsaba se man en die egbreuk wat hy met haar gepleeg het. Die enigste manier waarop so 'n gebroke verhouding met God en gebroke menslike lewe weer herstel kan word, is wanneer die mens wat gesondig het, self ware berou voor God oor sy sonde toon en in ware bekering voor God leef. Vanweë ons sondige natuur wil ons egter onself nie so maklik voor God neerbuig en verootmoedig nie. Adam gee vir Eva die skuld en Eva weer vir die slang. Kain probeer hom verontskuldig hom oor sy moord op sy broer. Dawid maak asof alles reg is en hou homself onskuldig totdat die profeet Natan hom namens God oor sy sonde konfronteer. Ons hou onself sterk, en sal selfs probeer om God se guns te koop met getroue huisgodsdienst, kerkbywoning, groot dankoffers en lofwaardige dinge wat ek in die koninkryk van God doen – solank ek net nie my “waardigheid” as mens verloor en werklik my skuld moet erken nie! Hierdie gesindheid maak egter die breuk tussen jou en God net nog groter. Nee, daar is maar een manier terug na God! Daar is maar een manier waarop die breuk tussen jou en die Here herstel word en waarop jou stukkende lewe sal herstel, en dit is as jy jou sonde erken en met ware berou – 'n gebroke gees – jou skuld voor God erken en om genade smeek! Waar jy erken: Here, ek is skuldig, en met 'n verslae hart erken dat jy die oorsaak van al die pyn en gebrokenheid in jou lewe is. Daar is maar net een manier waarop God die verhouding en jou lewe herstel, en dit is deur die gebroke liggaam van Christus aan die kruis. Waar Hy vir al jou sonde betaal het en jou wandade deur God vergewe word. As jy met 'n gebroke gees na God kom, ontmoet Hy jou met die gebroke liggaam van Christus se offer en jy kan weer heel word. Jou verhouding met God word herstel, die sonde en skuld word weggeneem en jy kan soos Dawid weer vreugde beleef in intieme gemeenskap met die Here. Jou lewe word weer heel, want die Gees van God werk bekering en 'n lewe van ware geloof en toewyding aan God in jou. Moenie toelaat dat sonde jou verhouding met God breek nie. Gaan na Hom met 'n gebroke hart oor jou sonde en Hy sal jou ontmoet met die gebroke liggaam van Christus. Daarna wag daar vir jou vreugde in gemeenskap met jou Here.

Sing Psalm 51:1, 8 (1936)

Ds P Venter (Potchefstroom-Oos)